**SAWA WATERBERG**

**Inligtingsbrief April 2009**

Dankie aan almal wat ons saamtrek by Tempel bygewoon het; ons was 13 woonwaens (12 Waterbergers, 1 ander Streek). Die 'gees en kuier' was weereens besonders met die Saterdag oggend 'brunch' en Saterdag aand 'braai' hoogtepunte. Pieter Snyman se stories oor die 'medisyne en verdwaalde flitse' in die wildtuin verdien melding.

Die saamtrek program was met moeite en vernuf aanmekaar gesit; dankie aan Cora en Lettie (Ueckermann) vir die moeite wat hulle doen om ons saamtrek program aantreklik te maak.

Dankie aan Pieter en Helene, Koos en Annemarie (en Annemarie was onder dokter se behandeling) wat so hard gewerk het om ons kuier so aangenaam te maak – die 'Hoenderpastei en slaai' Vrydagaand was heerlik.

Ons wil graag die volgende inligting aan julle deurgee;

1. **Lief**

   Johan en Wilemien het kom saamkamp – welkom terug !!! Dit was lekker om weer saam met julle te kuier.

   Met Lettie Nel gaan dit ook beter en ons vertrou dat hulle ook binnekort sal kom saamkamp.

   Met Charles en Stienie Hamilton se dogter gaan dit bietjie beter en sy is nou uit die hospitaal; ons dink aan die familie in hierdie tyd.

   Piet en Wynette Maré het ons gewys hoe lekker koud hulle gekry het in Engeland – brrrrrrr !!!!!

   Casper en Sonette Huystek (Carinus en Felitia se kinders) bereik die 4de hoogste verkope van Tupperware in die RSA vir 2008 – wat 'n pragtige prestasie.

   Faan en Suzette Rabie kom spog met hulle nuwe 'Fleetline' – mooi so en dankie vir die 'Sherry'.

   Mel en Lettie kry toe hulle 100ste saamtrekplaatjie – phew, dit het 9 jaar geneem !!!!

   Jan en Ada (Hennie en Cora se familie) kom direk vanaf Pilansberg af saam met Hennie en Cora om by ons te wees – dankie vir julle moeite.

2. **Leed**

   Norman Ensor, een van ons oudlede, is skielik by ons mini-basaar oorlede. Ons is tot stilstand gebring en ons gebede gaan op vir Jean wat agterbly – ons is diep geskok.

Hein en Joma Meyer se dogter sterk aan na hulle aangeval is op Bronkhorstspruit – sterkte vir julle en ons vertrou dat sy volkome sal herstel.

3. **Bewegings van Lede**

Errol en Ria kuier in die Kaap en sal ook die KKNK besoek – geniet dit.

Lieb en Elsie is ook in die Kaap en kuier by hulle dogter.

Johan en Wilemien gaan kuier by hulle kinders in Klerksdorp

Willem en Ryna, Mel en Lettie gaan saam op die 'Mini Toer' na die Presidente wat oor die paasnaweek plaasvind by Potchefstroom.

Carinus en Felitia is saam met hulle kinders in die Kruger Wildtuin hierdie einde Maart begin April.

4. **SAWA Waterberg 'Mini-Basaar'**

Die mini-basaar het 'n stewige bedrag van R 5 120.00 opgelewer. Dankie vir almal wat so hard gewerk het met die stalletjies. Dankie ook vir die 'donasies' wat ontvang is – dit word waardeur.

5. **Saamtrek Emmarentia Geldenhuys 18 – 20 April 2009**

Neem kennis dat ons volgende saamtrek is by Emmarentia Geldenhuys vanaf 18 – 20 April 2009. Hierdie saamtrek is altyd goed ondersteun en ons sien uit om julle daar te sien. Bevestig asseblief of jy gaan kom kuier by Mel, Johan of Cora.
Vrydagaand sal daar Hamburgers te koop aangebied word teen R15.00.

6. **SAWA 40ste Verjaarsdag**

Lede het met verskillende voorstelle gekom om SAWA se 40ste verjaarsdag te vier. Onthou, ons moet twee saamtrekke laat 'fokus' op hierdie verjaarsdag. Ons sal by die volgende saamtrek die besonderhede van hoe ons hierdie 'fokus' gaan uitleef bekend maak.

Ons wil ook lede nou in kennis stel dat by die AJV (Augustus) en Afsluiting (November) sal daar 40ste Verjaarsdag Plaatjies uitgedeel word; die plaatjies is besonders en is die moeite werd om te bekom deur die saamtrekke by te woon.

**MEL UECKERMANN**
**10 Maart 2009**